


DINSDAG, 13 NOVEMBER 1990

AN-1-24-2



J A A R VAN A K S I E



Nasionale Party

Politieke alliansie met ANC is nie nou moontlik nie

deur Arrie Rossouw

DIE SA Kommunistiese Party en per definisie die ANC as sy bondgenoot, is die politieke opponente van die Nasionale Party. Daarom is 'n politieke alliansie tussen die NP en die ANC in dié stadium onmoontlik.

Só sê dr. Gerrit Viljoen, Minister van Staatkundige Ontwikkeling. Afgesien van die ANC se inherente beleidsverskille met die NP diskwalifiseer die ANC homself ook vir 'n alliansie met die NP deur sy noue verbintenis met die SAKP.

Hy voeg egter by dat iemand nie kan sê hy sal nooit met 'n ander politieke party saamwerk of 'n alliansie oorweeg nie. "As 'n ander party sy beleid en/of beginsels so aanpas dat dit vir jou aanvaarbaar word, is dit 'n nuwe situasie waarin jy jou opsies moet heroorweeg. Geen party is staties nie."

Daar is wel gronde vir samewerking met die ANC met die doel om struikelblokke in die weg te ruim – net soos die NP met die Konservatiewe Party en ander politieke partye in die Parlement saamwerk om sekere prosesse aan die gang te hou.

Indien daar 'n breuk kom tussen die ANC en SAKP, sal 'n heel nuwe situasie ontstaan wat die hele kwessie van alliansievorming weer baie vloeibaar sal maak.

"As daar eerlike politiek in Suid-Afrika gevoer word, is dit onvermydelik dat daar in die nabye toekoms 'n oomblik van waarheid vir die ANC en SAKP sal aanbreek oor die volle inhoud en implikasies van hul wedersydse verhouding, sê dr. Viljoen.

Die mense van Suid-Afrika wil weet op watter punte hulle met mekaar verskil en ooreenstem. Die kwessie van dubbele lidmaatskap van hul lede, maar

veral hul top-leiers, is 'n ongekende situasie in enige demokratiese politiek.

Die onvermybare en waarsynlik gegronde agterdog is dat hier 'n groot moontlikheid is dat hulle in werklikheid beleidsmatig met mekaar ooreenstem en dat die afsonderlike organisasies blote politieke misleiding en taktiek is.

"Dit sê ek veral met die oog op die SAKP se tweefasebeleid wat formeel skriftelik bekend gemaak is, nl. die maksimum samewerking met die oog op sogenaamde nasionale bevryding en daarna die inspyeling van alle staatsstrukture deur kommuniste sodat hulle dan die Marxistiese revolusie kan bewerkstellig. Mnr. Joe Slovo, hoofsekretaris van die SAKP, het vanjaar nog gesê hul doel is om 'n kommunistiese stelsel in Suid-Afrika te vestig.

• Oor die kwessie van alliansievorming met ander politieke partye of groeperinge sê dr. Viljoen alliansies sal reeds op kort termyn aandaag moet geniet en nie eers wanneer 'n referendum oor twee of drie jaar gehou word nie.

Die federale komitee van die NP wat aangestel is om die hele kwessie van op lidmaatskap en alliansievorming te ondersoek, sal so gou moontlik 'n verklaring van beginsels opstel en voorlê wat as grondslag sal dien vir onderhandelinge met die oog op alliansievorming.

Alliansievorming sal veral gerig wees op breër samewerking met partye wat nie in die huidige parlementêre bestel ingesakeel is nie met die oog op die onderhandelingsproses. Dit is egter nie onmoontlik dat dit ook neerslag kan vind in verhoudinge met parlementêre partye nie.

Die NP het nog nie klaar gedink oor alliansievorming nie. Pres. F.W. de Klerk het byvoorbeeld gepraat van alliansies én breë politieke bewegings. Die leierskap van die NP is besig om indringend aan die hele saak aandaag te gee.



Dat pres. F.W. de Klerk by al die bevolkingsgroepe gewild is, blyk uit die gulde ontvangs wat hy by verskeie geleenthede gekry het. Hier gryp van die verpleegsters by die King Edward V111-hospitaal in Durban sy hande vas toe hy 'n verrassingsbesoek daar gebring het.

Norme en standaarde sal bly al verval Groepsgebiedewet

Deur Theuns van der Westhuizen

HY kan 'n gemeenskapslewe beoefen met 'n gekleurde wat langs hom woon en wat Sondae kerk toe gaan. Maar met 'n blanke wat Sondae sy motor *rev en charge* doen, het hy geen gemeenskapslewe nie, sê mnr. Hennis Kriel, Minister van Beplanning en Provinsiale Sake.

Min. Kriel het in 'n onderhoud gesels oor die NP se planne aanstaande jaar wanneer die Groepsgebiedewet herroep word. Die NP beoog verskeie maatreëls om te verseker dat norme en standaarde in woonbuurte behoue bly as die wet verval, het hy gesê.

"Dit is 'n mite dat jou gemeenskapslewe bestaan uit mense wat langs jou bly. Ek het al langs mense gebly met wie ek geen gemeenskapslewe het nie om die eenvoudige rede dat die man op 'n Sondagoggend ontstaan en dan sy motor se enjin met 'n *block and tackle* uithaal en dan die hele dag raas. Ek het geen gemeenskapslewe met hom nie.

"Maar ek kan my indink dat 'n man van kleur wat ook Sondae kerk toe gaan en die Sondag hou soos ek daaraan gewoond is ... dat ek met hom 'n baie beter gemeenskapslewe kan hê as met die witman wat langs my bly wat heeldag aan sy motor werk en hom *rev en charge*.

"Gemeenskapslewe word na keuse uitgegeef. Dit word nie aan jou opgedwing deur die man wat langs jou bly nie."

Mnr. Kriel sê die woonpatrone in sekere woongebiede sal waarsynlik wel verander sodra die Groepsgebiedewet herroep word. "Ek wil niemand mislei nie. Weens die onrus en die beperkte moontlikhede vir die middelinkomstegroepe van die bruinmense, Asiërs en swartmense, kan 'n mens verwag dat van hulle sal probeer

om binne tradisioneel blanke gebiede te kom woon. Maar ek dink ekonomies is daar nie soveel dat dit 'n wesenlike verandering sal maak aan bestaande woonpatrone nie."

Om bestaande norme en standaarde te handhaaf, word tans intensiewe navoring gedoen oor stappe wat ingestel kan word om die Groepsgebiedewet te vervang. Bestaande wetgewing soos die Slumswet, regulasies, ordonnansies en verordeninge van plaaslike besture is nie voldoende om te sorg dat standaarde gehandhaaf word nie.

Verordeninge soos dat jy nie 'n huis sal kry waarin 'n man en sy vrou en sy oupa en ouma en vier broers en ses susters en 'n klomp kinders almal intrek nie, want oorbewoning bring die standaarde af – sal in die finale instansie deur die plaaslike owerhe in stand gehou en toegepas word moet."

Dit nog te gou om te sê wat die stappe gaan behels, maar "as ek hardop moet dink, sal ons verordeninge moet stel wat die getal inwoners per woonheid moet beperk; wat die behoorlike onderhoud van die persele en geboue moet verseker sodat 'n buurt nie in slumtoestand verval nie; en ons sal moet kyk na reëls in verband met gebruik van persele sodat jy nie in die agterplaas 'n werkwinkel, swiersery of slagplaas kry nie."

Die instelling van 'n soort ombudsman wat as 'n waghond vir die publiek kan optree, word ook oorweeg. Die publiek kan hul klagtes by hom gaan indien as plaaslike owerhe nie behoorlik optree ingevolge die verordeninge nie.

Dit is ook moontlik dat sekere magte aan die ombudsman gegee kan word om op te tree teen die owerhe wat nie die norme

en standaarde handhaaf nie. "Dis egter te vroeg om te sê of dit in wetgewing neerslag sal vind."

"Hoewel die herroeping van die wet weinig gaan bydra tot die oplossing van die behuisingprobleem, beteken dit nie dat ons nie die wet moet herroep nie, want die basis daarvan is verkeerd."

Groepsgebiede het eintlik geweldige wrywing en ontbering meegebring, pleks van dit te keer. Die wet is nie baie regverdig toegepas nie. Die meeste mense wat ingevolge die wet verskuif is, was bruinmense en Indiërs. Min blankes is verskuif en dit het 'n geweldige bitterheid by die ander twee bevolkingsgroepe laat ontstaan.

"Ons moet net onthou dat swartmense nie onder die Groepsgebiedewet val nie, maar net blankes, Kleurlinge en Indiërs. Swartmense se verskuiving het plaasgevind ingevolge ander wette."

Mnr. Kriel sê daar kan nou gevra word waarom die wet nie vroeër herroep is nie, maar dit is maklik om agterna slim te wees. "Ons het agtergekome dat dit nie werk nie. Dit laat ons dan met die sterk morele argument dat as jy weet iets werk nie en jy gaan daarmee aan, pleeg jy bedrog."

Nêrens anders in die wêreld is 'n wet wat iemand se woonplek op grond van sy velkleur bepaal nie. Daar is wel normale vestigingspatrone op grond van hul kultuur- en gewoontebelange.

"Hoe ons ook al daarvan wil probeer wegkom, ons is deel van Suid-Afrika en Suid-Afrika is deel van die wêreld – en die wêreld het gekrimp tot die grootte van 'n faksmasjien of 'n telefoon. Daarom kan ons nie vol bravade sê ons het niks met die wêreld te doen nie.

Aanvaarbare wenplan vir almal in Suid-Afrika

deur Tim du Plessis

DIE Nasionale Party voel hom geënsins in 'n hoek gedryf weens sy verbintenis tot 'n referendum oor 'n nuwe grondwet nie aangesien die party voornemens is om met 'n wenplan na die kiesers te gaan, sê die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk.

Pres. De Klerk het in 'n eksklusiewe onderhoud gesê die Regering wil nie net met 'n wenplan na die blanke kiesers gaan nie, hy wil ook 'n plan beding wat die steun sal wen van die meerderheid van alle Suid-Afrikane.

Ander belangrike punte wat hy in die onderhoud aangestip het, is:

• Die NP is vasberade om in 'n nuwe bedeling steeds 'n sleutelrol in Suid-Afrika te speel;

• Die NP beoog om "wen-bondgenootskappe" met ander politieke groeperinge te sluit;

• Regse radikalisme het geen besondere groei-potensiaal in Suid-Afrika nie, en

• Dit is beslis moontlik om die steun van swart organisasies vir die beginsel van die beskerming van minderhede te verkry.

Pres. De Klerk het gesê dit is al geruime tyd die NP se doelwit om weg te kom van oorheersing in enige vorm. "Nog voor ek hoofleier van die party geword het, het ek al gesê oorheersing deur die blanke minderheid moet beëindig word."

Die NP is reeds sedert die instelling van die Driekamer-Parlement nie meer in alleenheer van Suid-Afrika nie. Fundamentele aspekte van die huidige Grondwet kan nie verander word sonder 'n meerderheid in elk van die drie huise van die Parlement nie.

"Ons doelwit is juis 'n nuwe grondwet waarin oorheersing uitgeskakel sal wees, of dit nou die NP se oorheersing is of enige ander party se oorheersing oor ander."

"Ons beoog 'n stelsel waar 'n meerderheid, hoe hy ook al saamgestel is, nie sy mag sal kan misbruik ter onderdrukking of oorheersing van minderhede nie."

Pres. De Klerk het gesê die NP is glad nie van plan om van die politieke toneel te verdwyn nie of om die spel van 'n leidende en sleutelrol prys te gee nie.

"Daarom kan hy bevestigend antwoord op die vraag of die partye met wie die Regering tans onderhandel, die meerderheid mense in die land verteenwoordig."

"Ons doelwit is nie om net 'n referendum onder blanke kiesers te wen nie, maar om ook te verseker dat enige nuwe grondwet die steun van die meerderheid van die totale bevolking sal wegdra."

"Voordat ons tot gestruktureerde onderhandelinge oorgaan, sal ons seker maak dat alle politieke organisasies wat bereid is tot vreedsame onderhandelinge geëig op vreedame oplossings, volledig betrek word."

Oor Suid-Afrika en die buiteland het pres. De Klerk gesê lande neem besluite op grond van wat hulle beskou as in hul beste belang, ook sover dit hul buitelandse betrekkinge betref.

"Daarom moet ons nie ons toekoms bou op die hoop dat ander vir ons sal instaan, sal opstaan of hulself op enige wyse sal offer in ons belang nie."

Met die kwalifikasie glo ek dat die betreffende hul houding teen Suid-Afrika. Daar is 'n sterk moontlikheid dat hulle binne afienbare tyd by die punt sal kom waar hulle positief sal begin optree teenoor Suid-Afrika. Hulle is begierig dat Suid-Afrika 'n suksesvolle land moet wees met 'n vrye ekonomie met wie hulle sake kan doen en wat 'n opbouende rol in Suider-Afrika kan speel.

"As hulle eers dié besluite geneem het, sal hulle die verbintenis, ooreenkomste en besluite wat hulle kan neem, konsekwent handhaaf."

"Maar hulle moet nog oer 'n hekkie kom voor dié punt bereik word. En dit is dat hulle hul besluite moet grond op hul eie analise en op grond van wêreldse Suid-Afrika pleks van hulle onderwerpe te stel aan voorskifte van juis organisasies, soos die ANC, wat nie in pas is met veral hul ekonomiese waardesisteme nie.

"Dit geld natuurlik nie alle Westerse lande nie omdat sommige reeds oor daardie hekkie is," het pres. De Klerk gesê.

"Ek voel my geënsins in 'n hoek, of potensieel in 'n hoek, as gevolg van dié belofte nie omdat ek hoegenaamd nie van plan is om 'n verloopplan te beding nie. Ek het die volste vertroue in die oordeelsvermoë van die kieserskorps," het pres. De Klerk gesê.

Teen die agtergrond van swart leiers se uitsprake dat die beskerming van minderhede onaanvaarbaar is omdat dit die voortsetting van apartheid in 'n ander gewaad is, wat is die kans dat swart leiers in die onderhandelinge wel ooreed sal kan word om dié beginsel te aanvaar?

"Anders as die perspie wat geskep is, is ek en veral dr. Gerrit Viljoen, Minister van Staatkundige Ontwikkeling, deurlopend in gesprek oor 'n baie breër spektrum met swart, bruin en Indiër-politieke leiers. Feitlik sonder uitsondering ervaar ek by almal van hulle nie net begrip vir die noodsaak van so 'n benadering nie, maar by sommige selfs voorstelle van hoe dit gedoen moet word."

"Met die ANC self het ons nog nie by die punt gekom waar ons inhoudelik oor grondwetlike sake 'n wesenlike gesprek gevoer het nie."

"Maar die werklikhede van Suid-Afrika, gemeet aan hoe dieselfde soort probleem suksesvol in ander demokratiese hantear word, maak dit voor-die-hand-liggend dat ons nie simplistiese meerderheidsregering kan aanvaar nie."

"Daarom het ek geen twyfel nie dat, as gevolg van die inherente waarheid en krag van die argument, ons aanvaarding daarvoor sal kan kry nie."

Pres. De Klerk het gesê daar is maar enkele politieke organisasies met wie die Regering nie in gesprek is nie.

Daarom kan hy bevestigend antwoord op die vraag of die partye met wie die Regering tans onderhandel, die meerderheid mense in die land verteenwoordig."

"Ons doelwit is nie om net 'n referendum onder blanke kiesers te wen nie, maar om ook te verseker dat enige nuwe grondwet die steun van die meerderheid van die totale bevolking sal wegdra."

"Voordat ons tot gestruktureerde onderhandelinge oorgaan, sal ons seker maak dat alle politieke organisasies wat bereid is tot vreedsame onderhandelinge geëig op vreedame oplossings, volledig betrek word."

Oor Suid-Afrika en die buiteland het pres. De Klerk gesê lande neem besluite op grond van wat hulle beskou as in hul beste belang, ook sover dit hul buitelandse betrekkinge betref.

"Daarom moet ons nie ons toekoms bou op die hoop dat ander vir ons sal instaan, sal opstaan of hulself op enige wyse sal offer in ons belang nie."


Met die kwalifikasie glo ek dat die betreffende hul houding teen Suid-Afrika. Daar is 'n sterk moontlikheid dat hulle binne afienbare tyd by die punt sal kom waar hulle positief sal begin optree teenoor Suid-Afrika. Hulle is begierig dat Suid-Afrika 'n suksesvolle land moet wees met 'n vrye ekonomie met wie hulle sake kan doen en wat 'n opbouende rol in Suider-Afrika kan speel.

"As hulle eers dié besluite geneem het, sal hulle die verbintenis, ooreenkomste en besluite wat hulle kan neem, konsekwent handhaaf."

"Maar hulle moet nog oer 'n hekkie kom voor dié punt bereik word. En dit is dat hulle hul besluite moet grond op hul eie analise en op grond van wêreldse Suid-Afrika pleks van hulle onderwerpe te stel aan voorskifte van juis organisasies, soos die ANC, wat nie in pas is met veral hul ekonomiese waardesisteme nie.

"Dit geld natuurlik nie alle Westerse lande nie omdat sommige reeds oor daardie hekkie is," het pres. De Klerk gesê.

Nasionale Party



Pres. F.W. de Klerk – die Nasionale Party voel hom geënsins in 'n hoek gedryf weens sy verbintenis tot 'n referendum oor 'n nuwe grondwet nie.

'U gaan ten gronde, wou Pik vir PW sê'

deur Tim du Plessis

DAARDIE dramatiese dag in 1986 toe oud-pres. P.W. Botha mnr. Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake, gerepudieer het oor sy swart president-uitlating, het mnr. Pik Botha dit in 'n stadium oorweeg om in die Parlement op te staan en vir mnr. P.W. Botha te sê:

"Meneer, u is besig om ten gronde te gaan."

Dit was een van die drie kere in sy loopbaan dat Pik Botha dit baie ernstig oorweeg het om uit die Nasionale Party te bedank. Die ander keer was in 1970 ná sy opspraakwekkende nuwelingspraak in die Parlement en toe weer vroeg in 1982 kort voordat dr. Andries Treurnicht en sy makkers uit die NP weggebrek het.

Maar die swart president-episoede het hom die naaste aan padgeë uit die NP gebring. "Dit was die pynlikste ervaring van my lewe," het mnr. Botha onlangs in 'n onderhoud gesê.

Vandag praat min. Botha gemaklik oor sy innige, dog stormagtige verhouding met die NP. Hy was die party altyd 'n paar tree vooruit in sy dink. Nou het die party ingehaai en mnr. Botha sê hy is dankbaar dat hy oor die jare heen nie toegegee het aan sterk prikkels om die NP te verlaat nie.

In die swart president-episoede het hy daardie dag bly sit omdat 'n ander stem vir hom gesê het: sit stil en vat dit. Vergeet van jouself en dink aan dit wat nog alles vir Suid-Afrika voorlê.

Tot vandag toe onthou hy die geskikte gesigte van die mense wat daardie geskiedkundige dag in die openbare galery in die Volksraad gesit het – dieselfde dag waarop dr. Frederik van Zyl Slabbert die ou PFP in sy fondamente geskud het met sy onverwagte bedanking.

Sy besluit om te bly, is versterk deur die letterlik duisende briewe, telegramme en oproepe van steun wat hy van Afrikaners, Engelse, swartes, bruines en noem maar op, ontvang het. "Ek weet ook dat die steun vir mnr. P.W. Botha se optrede nie naastenby so omvangryk was nie."

Maar namate die swart president-episoede uitgekring het, het Chris Heunis het vir my gesê hy stem met my saam, maar ek het te vroeg gepraat. Ek het natuurlik van hom verskil.

"Ek het reeds besluit om te loop, toe ek eendag 'n afspraak kry met die destydse Eerste Minister, mnr. John Vorster."

"Mnr. Vorster het my uitgeluister en met 'n glimlag vir my gesê: 'Ek verstaan jou. Moenie bekommerd wees nie. Gaan jou gang.' 'n Paar jaar later het mnr. Vorster die betreklik junior mnr. Botha as Minister van Buitelandse Sake aangestel.

Die ander keer wat hy wou loop, was vroeg in 1982, toe dr. Treurnicht nog in die Kabinet was.

Min. Botha het die Kabinet destyds versoek om die grondwetlike voorstelle wat die vyf Wesmagte vir 'n toekomstige verkiesing in Namibië beding het, te bekragtig. Dr. Treurnicht was daarteen gekant. (Ironies genoeg was dit daardie eerste beginsels wat verseker het dat Namibië vandag, agt jaar later, 'n veelparty-staat is.)

Daardie skermutseling in die Kabinet het gepaard gegaan met die Treurnicht-groep se soveelvle poging tot stemmingsmakery teen die Kleurlinge.

"Ek het besef ek kan nie saam met dr. Treurnicht in dieselfde Kabinet dien nie. Ek het besluit om te loop en het my besluit reeds aan mense wat na aan my staan, bekend gemaak toe die skreuring plaasvind."

En nou dat alles uiteindelik reg loop?

"Hoewel 'n houding van ek het julle mos gesê seker menslik is, is dit beslis nie hoe ek voel nie."

"Ek is dankbaar dat ek gespaar gebly het om die bevryding van die NP te kon meemaak. Die NP het die ideale bereik wat ek vir myself gestel het."

Die spontane reaksie wat hy op die swart president-episoede ontvang het, het min. Botha laat besef dat die gewone kieser dikwels veel ryper is vir verandering en hervorming as wat die partyleiding geneig was om te glo.

"Twee jaar lank daarna het nie nader met my of my vrou gepraat nie. Twee jaar lank is ek geen gesê."



Mnr. Pik Botha

Afrikaanse finansiële instelling dat ek dadelik R12 miljoen sou kry vir 'n nuwe party.

"My vriende in Simonstad, Blouberg, Pietersburg, Durban, Johannesburg sal bevestig ons was al by die punt waar ons 'n naam vir die nuwe party gehad het: die Nasionale Demokratiese Party."


"Een dag het ek in my kar geklim en sommer net gery. Naby Warmbad het ek onder 'n groot Kareboom gaan sit en dink.

"Ek het besluit om binne die party te bly, steeds 'n deel van die vuur te wees en terselfdertyd weers te probeer om sake van binne reg te stel," vertel min. Botha.

Sy eerste ampse breuk met die party was oor sy nuwelingspraak in 1970 in die Volksraad, toe hy voorgestel het Suid-Afrika moet die Universele Deklarasie oor Menseregte onderteken.

"Twee jaar lank daarna het nie nader met my of my vrou gepraat nie. Twee jaar lank is ek geen gesê."

"Ek het al langs mense gebly met wie ek geen gemeenskapslewe het nie omdat die man op 'n Sondagoggend sy motor se enjin met 'n *block and tackle* uithaal en die hele dag raas. Met 'n gekleurde wat Sondag kerk toe gaan, kan ek 'n gemeenskapslewe hê."



Mnr. Hennis Kriel

Nasionale Party

Selfondersoek lei tot nuwe bedeling



Dr. Dawie de Villiers

deur Willie Kühn

OOR die sogenaamde Damaskus-ervaring van die Nasionale Party is al baie bespiegel. Dr. Dawie de Villiers, Kaaplandse leier van die NP en Minister van Mineraal- en Ener-giesake en Openbare Ondernemings, het in 'n onderhoud sy belewenis in dié verband geskied.

"In die laaste jare van die dekade van tagtig en veral in 1990 het die party en baie partygenote as 't ware' n Damaskus-ervaring gehad. 'n Hernieuende selfondersoek het ons laat besef dat die ideaal om 'n regverdige bedeling vir almal te skep, langs die roete van afsonderlike vryhede nie haalbaar is nie.

"Hoe langer ons probeer het, hoe meer het die onregverdigheid gegroei. Dit het tot 'n koersverandering gelei. 'n Nuwe plan van aksie het daarop gevolg."

Vir Paulus, sê dr. De Villiers, was Damaskus 'n ingrypende, diep, eenmalige omkeer. Alle bekerings vind egter nie so plaas nie. Dit kan ook 'n proses wees waarin 'n oortuiging groei.

"Vir my was daar politiek nooit 'n Damaskus-ervaring nie. Ek het van politieke kindsbeyen af uit 'n diepe sin vir geregtigheid 'n ongemak gevoel met aspekte van die beleid van die NP wat teen mense diskrimineer tot hul nadeel."

Toe hy in 1972 tot die Volksraad verkies is, is nog algemeen gepraat van klein en groot apartheid. Volgens dr. De Villiers het hy in sy jeugdigste naweet 'n storm veroorsaak deur te sê klein apartheid sal verdwyn.

Sensitiwiteit oor menswaardigheid het hom deurgaans laat worstel met beleidsas-

pekte wat na sy mening nie ooreenkomstig die geregtighedsbeginsel verdedig kon word nie.

Hy het egter die kans benut wat die NP gebied het om hom te beywer vir verandering wat hy as onafwendbaar beskou het. "Ek glo op 'n beskeie manier kon ek ook bydra om die proses van verandering momentum te gee."

Volgens dr. De Villiers was die meerderheid van die NP-LP's aanvanklik nie oortuigend en sterk hervormingsgesind nie. Daar was baie worsteling in die partygeledere en binne groepe.

In die jare sewentig het hy in die warm water beland toe hy gesê het met meriete moet geld vir die keuse van Springbokspanne. Van sy standpunte het hom in botsing gebring met mense soos dr. Andries Treurnicht, mnr. Jan Hoon en mnr. Daan van der Merwe – nou almal in die KP.

In die verkiesing van 1981 het dr. De Villiers (toe Minister) gevra of die verbod op gemengde huwelike regverdigbaar is. Nie al sy kollegas in die Parlement het daarmee saamgestem nie, maar hy het nie 'n woord van kritiek gekry van mnr. P.W. Botha, destydse Premier, nie.

Dr. De Villiers sê die aanwysing van mnr. Botha tot hoofleier het hervormingsgesindes in 'n sterker posisie geplaas. Mnr. Botha het moedige stappe gedoen om van die bagasie van die verlede ontslae te raak.

Die NP se krag lê nou daarin dat hy werklik 'n bevryde party is. Hy het ontslae geraak van die vooroordele van die verlede en is 'n party wat op waardes geskoei is. Op dié grondslag kan die NP 'n belangrike rol in die

toekoms van Suid-Afrika speel.

Hy hoop 'n "skare bruin-, swart- en Indiër-mense sal hulle onder dieselfde banier saam met ons skaar" – by wese van alliansies of deur NP-lidmaatskap.

Hy glo nie dat die NP sy aard en karakter deur opstelling sal verloor nie. Hy hoop groot getalle mense sal hulle in die NP tuis voel. Die NP sien egter sy krag in alliansies wat ook die styl en karakter van ander partye wil behou.

Hy glo ook dat Afrikaans en Engels in ere gehou sal word in die NP. Die party skep ruimte vir albei taalgroepe.

Dr. De Villiers deel nie die siening dat die KP soos 'n golf afrol suide toe nie. Kaapland, sê hy, was nog altyd gekenmerk deur politieke gematigheid met mense soos dr. Andries Treurnicht, mnr. Jan Hoon en mnr. Daan van der Merwe – nou almal in die KP.

Al manier waarop die KP besty kan word, is deur die waarheid van Suid-Afrika: dat mense in die land op mekaar aangewese en met mekaar vervleg is. Die onwerkbaarheids van die KP-beleid moet tuisgebring word.

Die plafon van die KP is die realisme van mense. Met nugtere realisme en met die nodige inligting sal mense die regte besluite neem.

Oor prof. Carel Boshoff se plan om 'n Afrikaanse staat in Noordwes-Kaapland te vestig, sê dr. De Villiers die lewensvatbaarheid van die voorgestelde land is uiters klein. Baie van die ondersteuners van prof. Boshoff is nie bereid om die wettels op te trek en daar te gaan woon nie omdat hulle nie in die nuwe gebied sal kan oorleef nie.



Mev. Martha Olckers

Mev. Alpha Schutte

Mev. Rosil Jager

Vroue bly die staatmakers in alle ampte

deur Tim du Plessis

DIE Nasionale Party is, wat haar betref, 'n "gelyke geleentheids-party", het mev. Sheila Camer, LP vir Rosettenville en Transvaalse inligtingsbeampte van die NP, onlangs op die kongres van die Transvaalse NP gesê.

Die NP kan hom daarop roem dat hy geskiedenis gemaak het met dr. Rina Venter, Minister van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, wat as die eerste vroulike lid van die Kabinet aangestel is.

Van 1987 tot 1989 het die NP vyf vroulike Parlementslede gehad – die meeste wat enige politieke party nog gehad het. Hulle is: mev. Camer, mev. Rosil Jager, Vrystaatse benoemde LP, dr. Tersia Hunter, LP vir Kempton Park, mev. Joan Hunter, LP vir Edenvale, en mev. Esmé Chait, Kaapse benoemde LP.

Tog is daar vroue wat al senior posisies in die NP bereik wat glo die NP kan

getal afdelingsbesture beklee vroue die sekretarisposte.

In Kaapland, Natal en die Vrystaat is dit 'n vaste tradisie dat 'n vrou aangewys word as een van die ondervoorsitters van die kongres – 'n baie invloedryke posisie in die partystruktuur.

In Kaapland word dié pos tans beklee deur mev. Marétha Badenhorst, vrou van oud-min. Piet Badenhorst, in die Vrystaat deur mev. Charlotte van Tonder en in Natal deur mev. Alpha Schutte, vrou van Adj.-min. Danie Schutte.

Mev. Badenhorst sê die feit dat vroue in die NP tot hul reg kom, is iets wat nie van vandag af kom nie. Mev. Elize Botha was dekades gelede, lank voordat haar man 'n Minister geword het, al 'n takvoorsitter van die NP.

Mev. Badenhorst het as senior amptenaar van die Kaapse NP in vergaderings gesit met manne soos oud-pres. P.W. Botha en oud-min. Chris Heunis. In daardie geselskap het haar standpunt oor party sake dieselfde gewig gedra as dié van manlike amptenare, sê sy.

Mev. Alpha Schutte sê sy is geen "women's libber" nie, maar sy is sensitiwief vir diskriminasie teen vroue. "Ek kan werklik sê dat niks in 'n vrou se pad staan as sy werklik bo wil uitkom in die NP nie."

Die binnekring van die party word daar dikwels eerder na 'n vrou as na 'n man geluister, is haar onderinding.

Mev. Rosil Jager van Sasolburg, wat van 1987 tot 1989 'n Vrystaatse benoemde LP was, sê die vroue-NP is eintlik gestig voor haar manlike eweknie. Sedert die twee saamgesmelte het, het vroue altyd 'n prominente rol in die NP gespeel, hoewel 'n tradisie ontstaan het dat vroue eerder die ondervoorsitter as die voorsitter van 'n partystruktuur sal wees.

Mev. Jager sê in die Parlementêre kous van die NP het sy nooit die gevoel gekry dat haar manlike kollegas teen haar diskrimineer nie.

Die party moet egter groter toegang en ruimte skep vir vroue om tot voorend van die party te funksioneer, sê mev. Jager.

Mev. Martha Olckers, NP-burgemeester van Grahamstad se DP-beheerder, stadsraad en Presidenciesraadslid, stem saam met mev. Jager dat vroue nog meer tot hul reg behoort te kom in die NP.

Tegnies is daar min wat 'n vrou keer op pad boontoe, maar eens tradisionele vooroordeel moet sy net twee keer beter wees en twee keer so hard werk as die manlike aanspraakmaker.

Sy stem nie saam dat vroue al jare gelede tot hul reg begin kom het nie. Die feit dat vandag ook baie vroue in die NP is, is omdat die NP jare lank nooit toegelaat het dat vroulike kandidaat hulle in wenbare setels verkiesbaar stel nie.

In Kaapland het ons nie eers een vroulike verteenwoordiger in die Federale Raad van die NP nie," sê mev. Olckers.

In elkeen van die dagbestede in die kiesafdelings dien vroue. In 'n groot



Dr. Rina Venter

nog meer ruimte en toegang vir vroue skep.

Senior woordvoerders van die NP in al vier provinsies deel mev. Camer se standpunt dat vroue op groot skaal betrokke is in die NP.

"In Kaapland is meer as die helfte van ons korps van vrywillige werkers vroue. Sonder hulle sal die party-organisasie in duie stort," sê mnr. Carl Greyling, hoofsekretaris van die NP in Kaapland.

Dr. Gerard Koornhof, sy amptenoot in Transvaal, sê sedert begin vanjaar het hy byna sestig NP-afdelingsbesture in verskeie Transvaalse kiesafdelings besoek.

Dit was onverskoonbaar en onverkooptbaar in die buitewêreld en daarmee het hy altyd saamgestem.

Nasionale Party

SA van 'state-unie' na 'n 'harte-unie'

deur Louis Nel

DIE vordering van 'n "state-unie" na 'n "harte-unie".

Dit is soos mnr. J.J. (Koo) Potgieter, wat die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika dekades lank ten nouste meegemaak het, die pad teëwoordig waarop die Nasionale Party die land sedert die ontstaan van die party geleidelik het.

Mnr. Potgieter (86), wat sedert sy studentedae op Stellenbosch aktief in die politiek was, het in 1943 Volksraadslid vir Brits geword en die setel 34 jaar lank gehou. Hy het in die premierstip van adv. Hans Strijdom hoofswaap van die Nasionale Party geword, 'n amp wat hy tot in 1977 beklee het.

Die eenheid wat met Uniewording bewerkstellig is, beskryf hy as 'n "state-unie", 'n grondwetlike ontwikkeling waarin daar weens die diepgaande verskille tussen Boer en Brit nie van werklike eenheid sprake was nie.

Met die stigting van die NP het die klem op die kulturele geval: die party het gegee vir miskende Afrikaanskap en die erkenning van Afrikaans. Dit het aanleiding gegee tot 'n ander soort "rasse-haai" dié tussen Engelsman en Afrika-ner, sê mnr. Potgieter. Dit is waarom die NP 'n eksklusiewe party – een net vir Afrikaners – geword het.


Dit was eers met die verkiesing in 1924 dat die NP werklik met 'n kleurbeleid gekom het toe hy genl. Jan Smuts se propagandering van stemmings vir almal die stryd in die verkiesing gemaak het, sê mnr. Potgieter.

Maar dit het vir die NP nooit gegaan om rassehaat nie, sê hy. "Dit was sedert Hertzog elke eerste minister se vurigste begeerte om die verhoudingsvraagstuk op te los sodat daar vrede, vooruitgang en vryheid in die land kan kom."

"Elkeen het dit eerlik bedoel. As u my so vra: 'Wie was die grootste eerste minister', dan sê ek: Elkeen was op sy tyd die grootste eerste

minister van Suid-Afrika. Elkeen het 'n bietjie gevorder in die regte rigting."

Selvs Strijdom, wat geglo het in baasskap, het nie swartmense ge- haat nie, sê mnr. Potgieter. "Toe hy eerste minister geword het, het Strijdom gesê die natuurlike beleid is 'n lappieskombers, en dis hoog tyd dat ons verhoudinge tussen wit en



Mnr. Koo Potgieter

swart regkry."

Die besef het algaande al sterker posgevat dat die NP 'n manier sal moet vind om aan rassediskriminasie en -oorheersing te ontsnap, sê mnr. Potgieter. Die verkiesingsma- nifes van 1948 waarin gekom is met die begrip van selfversorgen- de, aparte gemeenskappe was so 'n poging.

"Van 1948 af het iets gekom wat met groot beginsels rekening hou en ewigheidswaardes het. Daar was 'n smagting om rassevrede te kry

en om 'n nasionale bewussyn te kweek," sê mnr. Potgieter.

Hy sê dr. H.F. Verwoerd word ten onregte verguis as die argitek van apartheid. "Dr. Verwoerd se eerste woorde aan hom toe hy eerste minister geword het, was dat dit die NP se groot taak is om die verhoudingsvraagstuk op te los. Die beleid moet 'n etiese grondslag hê en die NP moet sy doelstellings, asook hoe hy dit wil bereik, aan die mense wys. Verwoerd het dit as sy groot taak bestempel, sê mnr. Potgieter.

Dr. Verwoerd het aan hom gesê hy wil die "demper afaal" sodat gekleurdes kan ontwikkel.

Hy sê die bedoeling van dr. Verwoerd se verwysing na 'n "groot Suid-Afrika" in 'n toespraak op Lichtenburg voor die referendum oor Republiekwording, was dat bruinmense en Indiers, wat nie tuisland het nie, geakkommodeer moet word. Dr. Verwoerd wou ook daarmee sê dat 'n nasionale bewussyn gekweek moet word.

Die groot fout wat die NP be- gaan het sonder dat hy dit besef, was om politieke en staatkundige strukture te skep en op te dwing wat die volkerpatroon in die land versteur het. Dit het die teenoorge- stelde uitwerking gehad as wat die NP wou bereik, nl. rassspanning, plets van rassevrede, sê hy.

Pres. F.W. de Klerk het, soos sy voorgangers, op die regte tyd gekom, sê mnr. Potgieter. "Hy het, besiel met die politieke geloofs- beledens van die NP soos dit ge- louter is, Suid-Afrika onomkeer- baar op die hervormingspad ge- plaas."

Pres. De Klerk wil nou saamvoeg wat uit innerlike oortuiging by me-kaar hoort. "Ons maak nou nie net die party op nie, maar ons harte. Ons sien nou die adellike in die mens raak. Ons is nou werklik op pad na 'n 'harte-unie'."

"Die man wat die kroon gaan span op die evolusionêre politieke ontwikkeling, is pres. De Klerk," sê mnr. Potgieter.

Hoë morele grond land se bate

deur Tim du Plessis

MIN mense kan meer verbaas wees oor die merkwaardige verandering wat Suid-Afrika se beeld in die buiteland ondergaan het as mnr. Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake.

Op stuk van sake was hy die verantwoordelike minister in 'n tydperk wat beskryf kan word as die mees rampspoedige dié een op die gebied van Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge.

Ten sanksies, disinvestering, boikotte en isolasie het hy jare gelede al gewaarsku.

"Maar toe is ek uitgekry as 'n alarmis, iemand wat skrik vir koue pam- poen. Ongelukkig het die koue pam- poen warm pam- poen ge- word."

"Ek is uitgekry as 'n alarmis, iemand wat skrik vir koue pam- poen. Ongelukkig het die koue pam- poen warm pam- poen ge- word."

"Min. Botha onlangs in 'n onderhoud gesê. Toe sanksies kom, moes hy in die voorste linie daarteen veg. Vandag glo min. Botha as die sanksies aanvaanklik vir Suid-Afrika bedoel was, deurge- voer is, sou dit die land op sy knieë gedwing het."

As 'n jong diplomaat in die buiteland het hy vroeg reeds besef die wêreldwye vloed teen apartheid is 'n vloed wat nie gekker sal kan word nie.

"Ons mense wou dit nie glo nie. Hulle was soos die mense langs die Oranjerivier wat in die droogte nie glo dat hulle 'n oorstroming sou kry as dit duisende myle verder in die opvanggebied van die Vaal en die Oranje swaar reën nie. Dan tref die vloed hulle klokslag vyf, ses dae later en al hul vee en hoenders versuip en hul landerye word wegge- spoel..."

"Al ons redenasies van die strategiese Kaapse seeroote en ons skaars minerale sou nooit kon staande bly teen eenvoudige feite soos dat 'n swart dokter minder betaal is as 'n wit dokter nie en dat swartes nie geriewe kon gebruik wat met staatsgeld opgerig is nie."

Dit was onverskoonbaar en onverkooptbaar in die buitewêreld en daarmee het hy altyd saamgestem.

Min. Botha sê die keerpunt in Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge het vroeg in 1988 gekom, toe die wêreld besef het Suid-Afrika is opreg en vasberade om 'n skikking in Namibië te bewerkstel- lig.

Toe pres. Michail Gorbatsjof ook nog instem dat die Kubane hulle aan Angola onttrek, is die weg vir Suid-Afrika gebaan om sonder die dreigement van Kommunistiese inmenging sy eie proses van bevry- ding te begin.

"Ons weet almal van die dubbele standaard in die wêreldpolitiek. Tog is daar sekere vaste bakens, ingestel op 'n langtermyn-moraliteit, wat veral die Westerse demokrasie vir hulself stel. Daardie bakens het meegewerk tot die nederlaag van die kommunisme in Europa."

"Pres. De Klerk se onlangse besoek aan Neder- land het vir my gewys die Hollanders glo nou vir die eerste keer dat die Regering ook sy koers volgens dié bakens bepaal. Die morele hoë grond het ons beste wapen in die buiteland geword."

Min. Botha sê Nederland se heftige reaksie teen Suid-Afrika in die verlede was die gevolg van sy geweldige afsku in apartheid en diskriminasie. Boonop is die Hollanders in die res van Europa

"Al ons redenasies sou nooit kon staande bly teen eenvoudige feite soos dat 'n swart dokter minder betaal is as 'n wit dokter nie en dat swartes nie geriewe kon gebruik wat met staatsgeld opgerig is nie."

verwyrt oor wat hul "halfbroers" in Suid-Afrika besig was om te doen.

"Dit was byna aandoenlik om te sien met hoeveel warmte en toegeneetheid hulle ons aanvaar het noudat hulle besef het ons het werklik die verlede afgeskud."

"Ek glo byvoorbeeld Nederland sal in die interna- sionale gemeenskap opstaan vir Suid-Afrika as 'n nuwe regering barbaars optree," het min. Botha gesê.


Nuwe ekonomiese beleid word al flink toegepas

deur Marlène Britz

AANSTENLIKE vordering is reeds in 'n betreklik kort tyd gemaak met die uitvoering van die ekono- miese beleid wat die Nasionale Party in verlede jaar se algemene verkiesing aan die kiesers voorgedra het.

Wat van die grootste belang is, is dat die stappe wat reeds gedoen is, bygedra het tot die skepping van die regte klimaat vir die uiteindelijke bereiking van hul doel.

Só sien die Minister van Finansies, mnr. Barend du Plessis, die NP se vordering met sy ekonomiese



Mnr. Barend du Plessis

beleid teen die agtergrond van die vyfjaarplan.

Die volgende is reeds bereik:

● Staatsbesteding is in die vorige boekjaar met welslae in toom gehou. Daarby het die Regering in die lopende jaar 'n omvattende program van bespa- ring deur alle staatsdepartemente aangepak, wat algaande 'n belangrike bydrae tot die beperking van staatsuitgawes sal lewer.

● Inkomstebelasting is reeds in die eerste begro- ting sedert die verkiesing aansienlik verlaag. Dank- sy die verhoging van die drempel van belasting, afsonderlike belasting vir werkende vroue en kort- tings wat toegestaan is, sal die belastingbetalers in die lopende boekjaar sowat R3 100 miljoen minder

hoef op te dok. Die Regering se belastingadviseurs kyk indringend na maatskappybelasting met die oog op die moontlike verlagings daarvan in die volgende begroting, mits daar 'n stewige styging in die effek- tiewe belastingkoers is, het mnr. Du Plessis gesê.

● Wat die inflasiekoers betref, was daar in die laaste tyd 'n volgehoute daling wat te danke is aan die streng fiskale en monetêre beleid wat toegepas is.

Die hoër olieprys wat deur die krisis in die Midde- Ooste veroorsaak is, kan die daling tydelik stuit, maar die neiging op langer termyn bly afdwaars. Die jaarkeers het gedaal van byna 25 persent in die eerste helfte van 1986 tot net bokant 13 persent in die tweede kwartaal van 1990.

Dit sou sekerlik teen die einde van vanjaar tot 12,5 persent gedaal het as die oliekrisis nie ontstaan het nie. Nou is die aanduidings dat dit voorlopig weer sal styg tot net meer as 14 persent.

Mnr. Du Plessis het gesê dit bly die Regering se streming om die grootste moontlike bydrae tot stabiele ekonomiese groei op lang termyn te verseker, met die klem op werkskepping en investering. Dit is tweedens die oogmerk om, soos hierbo genoem, binne bekostigbare vlakke van uitgawes die swaarkry en nood van gemeenskappe te verlig en geleentheid vir hulle te skep.

Op die vraag wat die NP se antwoord is op die ANC se beleid dat nasionalisering en sentrale staatsbeheer die enigste manier is om agterstande reg te stel, het mnr. Du Plessis gesê die NP-beleid is die teenoorgestelde. Dit blyk egter uit onlangse beleidsuitsprake dat die ANC begin praat oor die moontlikheid van beleidsaanpassings.

Terwyl die ANC en sy bondgenote tot dusver geglo het dat die hervreiding van rykdom tot ekonomiese groei sal lei, is dit die uitgangspunt van die NP dat ekonomiese groei die beste manier is om welvaartskepping en -verdeling te bewerkstellig.

"Die ANC span die kar voor die perde, want dit is in Oos-Europa en in Afrika bewys dat 'n beleid van sentrale staatsbeheer oor die ekonomie en die natio- nalisering van vrye ondernemings tot verarming lei. Daardie soort hervreiding is eintlik 'n hervreiding van armoede, nie van rykdom nie en geen agterstan- de kon uitgewis word nie. Trouens, daar was net verdere agteruitgang," sê mnr. Du Plessis.

Daarbenoë is dit die verklaarde beleid van die NP om hom te beywer vir die instandhouding en uitbreiding van 'n beleid gegrond op private besit en vrye ondernemingskap. Waar hierdie beginsels se- dert die Tweede Wêreldoorlog in Westerse lande toegepas is, was daar bewysbare ekonomiese voor- spoed en 'n algemene verbetering in mense se lewenspeil.

Dit beteken nie dat die staat geen rol hoeg- naamd te speel het in die opheffing van agtergeble- we gemeenskappe nie. Hy kan beslis 'n belangrike bydrae lewer, soos weerspieël word in die Regering se genoemde opheffingsprogram, maar die staat moet nie soos in Oos-Europa en baie Afrika-lande volkome beheer oor die hele ekonomie uitoefen nie.

SA Regstelsel het al die toets van tyd deurstaan

deur Francois Lötter

SUID-AFRIKA se huidige regstelsel het die toets van die tyd deurstaan en die vesting verskaf vanwaar die nuwe Suid-Afrika geleed is en in die toekoms verder gevoer sal word.

Hoewel die stelsel nie volmaak is nie en deurlopend die nodige aandag van die hervormer moet kry, is dit nietemin gerat om met verdere aanpassings 'n sleutelrol van finale arbiter of skeidsreg- ter in 'n toekomstige grondwetlike bedeling te speel.

Só het mnr. Kobie Coetsee, Minister van Justisie, in 'n onderhoud oor Suid- Afrika se huidige en toekomstige reg- stelsels gesê.

Mnr. Coetsee, wat vanjaar tien jaar Minister van Justisie is en 'n belangrike rolspeler van die Regering is in die onderhandelingsproses vir 'n nuwe grondwetlike bedeling vir Suid-Afrika, het gesê 'n toekomstige regstelsel in Suid-Afrika moet voortdurend oorge- haal wees om deur middel van meganis- mes soos 'n reëlraad en 'n regshulp- raad, sekere tekortkominge te kan han- teer.

Hy het verwys na die eindroom van legitimiteit wat soms sy kop uitsteek en wat gegrond word op die standpunt dat mense verhoor moet word deur mense in wie hulle vertroue het. Volgens hom het dié benadering die ondertoon dat be- skuldigdes verhoor en aangehoor moet word deur hul eie mense, dit wil sê op 'n etniese basis. Dit is 'n vreemde argu- ment.

Nietemin kan nie genoeg gekleurde regsgeleerdes na vore vir diens in laer howe nie. Daar is byvoorbeeld na bewe- ring net meer as 700 swart regsgeleerdes teenoor 9 000 blanke regsgeleerdes in die land.

Dit dui op 'n groot behoefte aan regsonderrig en regsopleiding en die De- partement van Justisie gee dinamies aan hierdie saak aandag. Meer as 70 aankla- ders van kleur word byvoorbeeld tans landwyd volgens verdienste aangestel.

Mnr. Coetsee het gesê 'n aangepaste assessorsstelsel, veral in die laer howe, word ook tans oorweeg. Assesore in die laer howe is absoluut die uitsondering en oorweging word geskenk aan 'n wye







diskresie vir landdroste om assessore aan te wys, ook vanuit die geleedere van gekleurdes.

Mnr. Coetsee het gesê deelname op die regbank deur gekleurde praktisyne sal 'n verdere hupstoot kry indien die Parlement aanstaande jaar die voorgestelde wetgewing oor 'n verkorte bemid- delarsproses in siviële sake in laer howe aanvaar.

Dit is volgens mnr. Coetsee aangewe- se vir die regswese om tekortkominge wat nou reeds geïdentifiseer word, te hanteer sodat die een bousteun, naamlik die regspleging, sal dien as 'n stabiele vertrekpunt vir 'n nuwe Suid-Afrika.

Dit beteken nie dat in 'n nuwe grond- wetlike bedeling daar nie ook dramatiese aanpassings op die terrein van die regspleging kan kom wat toegepas sou kon word gelyktydig met 'n nuwe grond- wetlike bedeling nie.

Mnr. Coetsee het gesê hy verwys in hierdie verband na die beginselsbesluit wat pres. F.W. de Klerk reeds aange- kondig het, naamlik dat



AGT BELANGRIKE VEREISTES VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

Die Nasionale Party is onherroeplik verbind tot die skep van 'n nuwe regverdige Suid-Afrika.

U as kieser het die reg om te vra, hoe sal daardie Suid-Afrika lyk?

Die Nasionale Party glo dat enige nuwe grondwet ten minste aan die volgende agt vereistes sal moet voldoen:

1. Die politieke bestel sal **ingeboorde waarborge** en **meganismes** moet bevat wat oorheersing deur 'n meerderheid en of **eenpartystaat onmoontlik maak**.
2. 'n **Handves van menseregte** moet só verskans wees dat dit nie afgeskaf of arbitrêr verander kan word nie.
3. Enige Regering moet net 'n beperkte leeftyd hê en **verkiesings moet dus gereeld plaasvind**. Misbruike soos lewenslange presidente, korrupsie, ens moet onmoontlik gemaak word.
4. Die politieke sisteem moet daarvoor voorsiening maak dat **leiers wat hierdie waardes handhaaf**, al sou hulle deur 'n minderheidsgroep ondersteun word, **in die regeeringsorgane teenwoordig sal wees**.
5. Die **vryemarkstelsel en private inisiatief** moet in die nuwe Suid-Afrika behoue bly. Eiendomsreg, ook van grond, moet eerbiedig word en daar moet nie arbitrêre onteining of onteining sonder behoorlike vergoeding moontlik wees nie. Enige belastingstelsel moet regverdig wees.
6. Die **werklikheid van verskeidenheid** darf nie misken word nie. Diegene wat dus in bepaalde gemeenskappe wil woon, wil aanbid, wil werk, wil speel moet dit in die nuwe Suid-Afrika kan doen maar sonder dat wette mense verplig om dit te doen.

In besonder moet eiesoortige onderwys met gelyke staatsteun binne een stelsel bedryf kan word deur dié wat dit so wil doen.

7. Daar moet 'n **onafhanklike regbank** wees om reg te spreek tussen mens en mens en tussen burgers en die staat.
8. Die nuwe Suid-Afrika se veiligheidsmagte moet behoorlik bestuur en beman word. 'n **Professionele en goed-opgeleide weer-mag** en polisiemag wat **nie onderhewig is aan politieke diensbaarheid** nie is die beste waarborg vir die handhawing van 'n veilige omgewing vir almal om in te woon en werk.

Die Nasionale Party se verbintenis tot hierdie eienskappe van 'n nuwe Suid-Afrika is dikwels reeds deur die Hoofleier van die Nasionale Party, President FW de Klerk en ander leiers van die NP, uitgespel.

Die Nasionale Party glo dat enige nuwe grondwet aan hierdie minimum vereistes sal moet voldoen. Hierdie eienskappe, glo ons, sal van die nuwe Suid-Afrika 'n veilige, regverdige en welvarende vaderland maak vir al sy mense.

Help BOU aan 'n nuwe regverdige Suid-Afrika deur die Nasionale Party te steun in woord en in daad.



Die NP – U waarborg vir 'n veilige, regverdige en voorspoedige nuwe Suid-Afrika.

Nasionale Party



Historiese oomblikke

FOTO 1: "Do you want to fight these men?" het die onderskrif gelui wat 'n oorsese koerant by die foto ná mnr. John Vorster se verkiesing as hoofleier van die NP en Eerste Minister in 1966 gepubliseer het. FOTO 2: NP-leiers uit die verlede... Oud-min. Ben Schoeman, voormalige Transvaalse NP-leier, mnr. John Vorster, voormalige eerste minister, en mnr. C.R. Swart, eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.



FOTO 3: Minder as 'n jaar nadat mnr. P.W. Botha eerste minister geword het, het hy Soweto in 1979 besoek. Dié geskiedkundige foto is op daardie besoek geneem.

FOTO 4: "Iewers aan die grens..." mnr. P.W. Botha en mnr. John Vorster, albei voormalige NP-hoofleiers, eerste ministers en Staatspresidente, ontspan informeel op 'n besoek aan die destydse operasionele gebiede in Namibië.

FOTO 5: 'n Belangrike dag op Suid-Afrika se hervormingspad. Oud-premier P.W. Botha op die treë van die Uniegebou toe in November 1983 aangekondig is dat meer as twee derdes van die land se blanke kiesers ja gestem het vir die nuwe grondwet wat bruines en Indiers sitting in die Parlement gegee het.



Minderhede só beskerm

deur **Arrie Rossouw**

DIE Nasionale Party oorweeg verskeie metodes om minderhede in 'n nuwe grondwetlike bedeling te beskerm. Dr. Gerrit Viljoen, Minister van Staatskondige Ontwikkeling, som dié stelsel van sogenaamde wigte en teenwigte as volg op:

● 'n Handves van menseregte wat bereikbaar is deur die Hooggeregshof en nie maklik geskap of gewysig kan word nie.

● Die devolusie van besluitnemingsmag na laer owerheidsvlakke. Dit bring die besluitnemingsoverheid nader aan die mense wat geraak word en bied meer ruimte vir die akkommodasie van 'n verskeidenheid behoeftes in plaaslike en streeksverband.

● Politieke regte moet deur spesiale prosedures in die grondwet beskerm word, soos deur minderheidsverteenvoording, bv. in die tweede huis van die parlement, en spesiale besluitnemingsprosedures, bv. deur 'n veto of 'n gelaaiete meerderheid, oor werklik sensitiewe sake.

● Die Hooggeregshof sal toetsingsbevoegdheid hê oor wetgewing en besluite deur die uitvoerende gesag. Die parlement sal dus nie meer absolute soewereine gesag hê soos in die Britse tradisie nie.

● Die oormatige groot hoeveelheid mag in die hande van die Staatspresident moet heroorweeg word deur byvoorbeeld 'n "kollegiale stelsel met roterende

voorsitter (soos in Switserland) in te stel, of 'n teenwigtstelsel tussen die staatshoof en die regeringshoof, nl. dat die een uit die eerste huis en die ander een uit die tweede huis aangewys word.

Dr. Viljoen sê 'n moontlike model is dat die verteenwoordigers in die eerste huis op die grondslag van een mens, een stem en proporsionele verteenwoordiging aangewys kan word.

In die tweede huis of die "Huis van Minderhede" kan dan verskillende minderhede verteenwoordig word. Geografiese streke sal verteenwoordig hier kan hê. In die definiering van ander groepe sal op drie maniere te werk gegaan kan word:

● Die grondwet kan die groepe omskryf, maar dit kan die element van vryheid van assosiasie in die gedrang bring.

● Die grondwet kan net die riglyne neêrflê waarvolgens groepe hulle kan konstitueer en prosedures waardeur hulle hulself kan definieer. Dit beteken dat nuwe groepe mettertyd kan vorm en dat bestaande groepe ook kan ontbind. As 'n groep homself gekonstitueer het, sal hy 'n verkiesing moet hou om sy verteenwoordigers aan te wys.

● Minderheidspartye kan "voordelige" verteenwoordiging kry, m.a.w. hulle kry 'n gunstiger verteenwoordiging as wat hulle getalle regverdig. Dan kan minderheidspartye hulle in hul program van beginsels aanbied as segsmens vir bepaalde minderheidsgroepe. Groepe kry dan deur partye verteenwoordiging.

Toe die sluise oop is...

deur **Peet Kruger**

DIE Nasionale Party het op alle vlakke - van die Kabinet tot by gewone ondersteuners - 'n "opgedamde potensiaal vir hervorming" gehad toe pres. F.W. de Klerk einde verlede jaar in sy amp ingehuldig is.

Boonop het pres. de Klerk ses maande gehad waarin hy hom kon voorberei op sy taak. Toe hy eers wegspring, het hy as 't ware die sluise oopgetrek.

Só verduidelik dr. Stoffel van der Merwe, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp en federale inligtingshoof van die party, die agtergrond tot die snelle pas van verandering sedert die ampsaanvaarding van pres. de Klerk - wat talle ondersteuners en selfs ampsdraers van die party ontkant gevang het.

Buitelands het die gees van kompromie en vredesluiting ook einde verlede jaar vaardig geword en het Oos-Euro-

pa ineen gestort. Pres. de Klerk was in dié omstandighede die regte man op die regte tyd.

Die hele wêreldtoneel het in só 'n kort tyd so ingrypend verander, omstreeks dieselfde tyd as die algemene verkiesing verlede jaar. Die ANC het in dié omstandighede ook onder groot druk gekom, met die gevolg dat die ANC wat in Februarie oopgetrek is, 'n ander organisasie was as die een wat ses maande tevore (ook rondom die verkiesing) beveg is, sê dr. Van der Merwe.

Versoenlik kan nou aangepak word in totaal ander omstandighede as wat in die vroeë jare sestig geheers het. Net soos apartheid en kommunisme misluk het, het ook die gedagte van swart meerderheidsregering sigbaar misluk.

In die staatkunde was daar die afgelepe dertig jaar fenomenale ontwikkeling wat beteken dat meer opsies nou beskikbaar is as destyds.



Mnr. Adriaan Vlok

Geen rassegrondslog kan werk in nuwe grondwet

deur **Arrie Rossouw**

DIE Nasionale Party aanvaar as een van sy basiese uitgangspunte dat enige plan en model waarmee hy vorendag kom wat op 'n rassegrondslog berus, vir die meerderheid mense in die land onaanvaarbaar sal wees, sê dr. Gerrit Viljoen, Minister van Staatskondige Ontwikkeling.

Daarom sal die NP, soos enige ander party, nie sy grondwetlike model aan die onderhandelings-tafel verkoop kry indien dit enigens 'n rassegronde stelsel is nie.

Die NP sal veral drie moontlike besware teen sy model in die oog moet hou:

● agterdog teen 'n rassegronde stelsel waarin rasse-groepe op 'n rigiede wyse geakkommodeer word;

● minderheidsregte wat die NP beskerm wil sien, mag nie spesiale voorregte wees vir sekere groepe ten koste van ander nie, en

● minderhede sal nie so beskerm kan word dat die meerderheid nie kan regeer nie.

Dr. Viljoen sê die NP aanvaar dat Suid-Afrika saamgestel is uit 'n verskeidenheid minderheidsgroepe wat deeglik verkeer moet word in 'n nuwe grondwetlike bedeling.

Eweeser glo die NP dat die huidige definisies van groepe kragtens die Bevolkingsregistrasiewet onaanvaarbaar is weens hul begroning van velkleur en ras.

Minderheidsgroepe sal volgens 'n nuwe, aanvaarbare en nie-rasige stel riglyne, neergelê in die grondwet, gekonstitueer moet word. En aan sulke groepe sal vanweë hul besondere identiteit, waardes en aspirasies spesiale verteenwoordiging en spesiale inspraak in 'n nuwe staatkundige bedeling beding moet word.

"Die NP meen dat in 'n handves van menseregte, benevens individuele regte en vryheid, groepswaardes soos taal, kultuur en godsdiens ook beskerm sal kan

word, en wel deur die beskerming van die betrokke individu se reg om daardie waardes te beskerm in groepsverband te beoefen.

"Wat die beskerming van politieke regte van groepe betref, glo die NP dat dit by wyse van grondwetlike strukture en spesiale prosedures/meganismes vir besluitneming moet geskied.

"Die regte en waardes wat die NP vir minderheidsgroepe begeer, is dus nie spesiale voorregte net vir 'n bepaalde minderheid nie, maar regte en waardes wat aan geheel die nasie beskikbaar moet wees."

Dr. Viljoen sê die regte wat die NP in Suid-Afrika beskerm sal wil sien deur middel van spesiale inspraak vir minderheidsgroepe waarvan sy ondersteuners self deel wil wees, behels die volgende:

● die politieke bestel in die nuwe Suid-Afrika moet ingeboude waarborge en meganismes insluit wat sal verhinder dat die nasie deur misleiding van 'n oneware blote meerderheidsstem in 'n eenpartystaat gedompel word, of aan die genade van 'n diktatuur uitgelewer word;

● die beste beskerming van die vryheid van die individu is geleë in 'n handves van menseregte. Dit kan die individu teen willekeurige en ongrondwetlike owerheids-optrede en wette beskerm, maar ook aan minderheidsgroepe op 'n indirekte wyse beskerming bied deurdat groepswaardes soos taal, kultuur en godsdiens op 'n individuele basis beskerm word.

Die handves kan ook sekere ekonomiese waardes beskerm, soos die reg op eiendomsbesit, vrye onderneming en beskikbaarstelling van arbeid. Die grondwet moet verseker dat die handves nie arbitrêr deur 'n blote meerderheid afgeskaaf of wesenlik gewysig kan word nie;

● daar moet gereelde verkiesings wees. Enige regering moet net 'n beperkte leeftyd hê. In die nuwe Suid-Afrika is daar nie plek

DAAR is 'n gevoel van algemene onveiligheid by die publiek - oor diefstal, oor roof, oor moord en geweld. Hoe gaan die Regering dit hanteer nou dat die nuwe Suid-Afrika aan die kom is? Daarvoor het mnr. Adriaan Vlok, Minister van Wet en Orde, in 'n onderhoud met **Johan de Wet** geantwoord.

Reg en orde bly onontbeerlik

In die nuwe Suid-Afrika - en ook in 'n oorgangstyd - moet reg en orde gehandhaaf word. Dis onontbeerlik vir ordelike hervorming; trouens daaronder is geen vrede as veiligheids Suid-Afrika seker moontlik nie.

Dis die Regering se uitgangspunt, sê mnr. Vlok. En hy glo verantwoordelike politieke partye s'n ook.

Hy lê natuurlik klem daarop dat die Suid-Afrikaanse Polisie nie aan die Nasionale Party, of aan 'n ander politieke party, behoort nie. Die SAP-lede kom uit al die bevolkingsgroepe. Die Polisie het meer as 'n jaar gelede reeds homself uit die politieke spelveld verwyder deur te bepaal dat geen SAP-lid meer aan 'n politieke party mag behoort nie.

Dit, sê hy, lyk vir hom na 'n riglyn om vir die toekoms te volg.

Praat die Regering, wanneer hy met die ANC praat, hieroor? - Ja, sê mnr. Vlok. "Ons praat met die ANC oor die handhawing van wet en orde. Ons praat ook met ander leiers daarvoor."

Die ANC het sy eie idees oor hoe die polisie mag van die toekoms moet lyk. Dit moet vorendag kom wat op 'n rassegrondslog berus, vir die meerderheid mense in die land onaanvaarbaar sal wees, sê dr. Gerrit Viljoen, Minister van Staatskondige Ontwikkeling.

Waarom daar nie twyfel bestaan nie, is dat die ANC ten gunste is van die handhawing van reg en orde. Ander leiers voel ook so. Enige regdenkende mens voel so.

Ja, maar wat van die Orange Farms van

Suid-Afrika? Dit hinder mense. Die Polisie het uiteindelik daar opgetree, dog daar word beweer klages van die blanke hoeve-eienaars het aanvanklik op dowe ore geval?

"Kyk," antwoord mnr. Vlok, "die Polisie het nie beheer oor die oorsake van 'n situasie soos by Orange Farm nie. Ons kan niks daaraan doen as plakkerskampe ontstaan het nie; dat mense vandag in hulle honderde duisende werkloos is nie. Ons kan net werk met die gevolge van sulke situasies."

Uitendard is die Polisie se manekrag beperk: die Polisie probeer oral wees; die min hande maak dit eenvoudig nie moontlik nie.

Dis sy insiens onbillik om te beweer by Orange Farm is nie opgetree nie. Oor die maande heen is letterlik honderde sake daar gerapporteer en ondersoek. Mense het voor die houe verskyn. "Die Polisie het nie niks gedoen nie."

En in die res van die land? - 'n Opname is landwyd gedoen oor sulke situasies. Voorkomende optrede was die oogmerk.

Terug na die toekoms, na moontlike gevaarlike maatreëls op die wetboek wat deur 'n toekomstige oorwegend swart polisie mag teen blankes gebruik kan word:

Mnr. Vlok verwys na die Polisie wet, wat elke polisieman se magte bepaal. Tensy dit verander, sal 'n polisie mag van die toekoms hom ook daaraan moet hou. En onthou, daar is niks wat sê jý moet die wet sus teen 'n witte

Nasionale Party

toepas en so teen 'n swarte nie.

Bevordering in die Mag geskied volgens verdienste. As dit so bly, sal daar geen probleme wees nie - die veiligheidsmaatreëls is ingebou, ook vir 'n toekomstige Suid-Afrika.

Wanneer hy so rondbeweeg, vind hy dat almal - wit en swart - 'n behoefte aan veiligheid het. Dit geld die swartes in Kruispad wat uit hul huise gedryf is; dit geld die wit mense van Orange Farm.

Die doel wat dus nagejaag moet word, is om die mense van die land - "dis die meerderheid van die mense van die land" - 'n gevoel van veiligheid te gee, sodat hulle normaalweg kan leef.

Daarom vra hy almal se samewerking. Hy kry dit, sê mnr. Vlok. Met outliging.

● In die paar jare wat voorle, sal daar natuurlik van tyd tot tyd probleme wees. Mense raak opstandig. Sy beroep is dus deurentyd dat mense moet kalmeer, bedaar.

Maar die Polisie en die Weermag kan die probleme hanteer.

En hy glo sy politieke kollegas sal die strukture so bou dat wanneer die land by die nuwe bedeling aankom, al die faktore daar sal wees wat vrede en veiligheid sal verseker.

Wanneer hy dink aan sy kinders en sy kleinkinders is hy nie bekommerd nie, sê mnr. Vlok.

Magsposisie in toekoms is steeds 'n moontlikheid



Dr. Stoffel van der Merwe

deur **Peet Kruger**

DIE Nasionale Party is geensins van plan om hom uit 'n posisie van mag uit te onderhandel as sy hervormingsplanne slaag nie, sê dr. Stoffel van der Merwe, Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp en federale inligtingshoof van die NP.

Volgens dr. Van der Merwe is die wese van die NP dat hy staan vir 'n bepaalde stel beginsels soos vervat in sy manifeste en soos dit na vore kom in sy beleidsontplooiing. Daar is baie gekleurdes wat dieselfde beginsels ondersteun.

Daarom skep die party met opstelling en alliansievorming kanale wat kan beteken dat die NP in die reg of as hoofspeler binne 'n alliansie nog steeds realisties daarna kan streef om 'n meerderheid binne 'n toekomstige regering te vorm.

Hy meen daar is genoeg ondersteuning onder gekleurdes vir die waardes wat die NP beliggaam om sowel swart leiers as volgelinge te kry om by die NP of 'n alliansie aan te sluit.

As verskillende partye in groot mate hul eie karakter kan behou, maar onder 'n bepaalde leierskap en op grond van 'n stel beginsels kan saamwerk, kan mense wat hulle nie op 'n NP-kongres sou tuis voel nie, steeds iemand soos pres. F.W. de Klerk as hul leier aanvaar.

Dit is egter nog heeltemal te vroeg om van spesifieke alliansievennote te praat. Die uitgangspunte en beginsels waarop so 'n alliansie sal berus, moet eers behoorlik uitkristalliseer. 'n Komitee van die NP werk juis nou daaraan.

Daarna kan eers werklike samesprekinge met moontlike alliansievennote gevoer word.

"Die NP sal baie seker moet maak hoe

hy te werk gaan. Die spreekwoord wat sê: "Aan jou vriende sal jy geken word", is baie waar. 'n Mens moet sorg dat jy die regte vriende het."

Dit beteken nie dat die NP op 'n ander party se rug wil ry nie. Hy sal egter die kansvatters van die ware Jakob moet onderskei. Die NP sal nie bloot mense in sy midde verwelkom omdat hulle swart is en inskiklik nie.

Daar sal nog baie partye op die toneel verskyn en verdwyn. Ook tussen alliansievennote kan daar mislukkinge kom.

Daarom was die NP ook nie bereid om blindelings in 'n alliansie met die DP in te storm bloot omdat daar 'n tussenverkiesing in Randburg was nie. 'n Alliansie kan nie bloot gerieflikheids-halwe gesmee word nie. Daar moet eers dieptegesprekke oor gesamentlike beginsels wees.

Oor die moontlikheid van 'n naamsverandering vir "die party van apartheid", sê dr. Van der Merwe dit is nie iets wat ligtelik gedoen moet word nie. Die NP was nog altyd 'n nasionalistiese party wat sy gekose rigting met geesdrif en deursettingsvermoe aangepak het.

Vir sy ywer en doelgerigtheid word hy deur vriend en vyand gerespekteer. Daardie respekt is 'n belangrike kwaliteit waarop gebou kan word.

As alleenregerend kon die NP tot dusver loopbane aan alle van sy ondersteuners bied. Ook wat dit betref, voorsien dr. Van der Merwe nie dat sy tradisionele ondersteuners in 'n nuwe bedeling aan die kortste end sal trek nie.

Hy gee toe dat op die sentrale vlak daar waarskynlik minder poste beskikbaar sal wees vir blanke NP-ondersteuners. Op streeklvlak sal daar egter waarskynlik in die toekoms meer poste beskikbaar wees.

Hierdie bylae is redaksioneel en tegnies versorg deur **Mossie Burger**

DIE OOPSTELLING VAN DIE NASIONALE PARTY EN SY TOEKOMSTIGE ROL

Die besluit om lidmaatskap van die Nasionale Party oop te stel vir alle Suid-Afrikaners is 'n logiese sprong wat geneem moes word om die Party te bring tot die bereiking van sy staatkundige doelwit vir 'n nuwe Suid-Afrika

DOELWIT

Die doelwit is om 'n nuwe grondwet te onderhandel wat 'n balans daarstel tussen die eis van universele stemreg en die eis van minderheidsbeskerming. So 'n nuwe grondwet is nodig omdat ware demokrasie en billikheid en regverdigheid dit vereis en omdat praktiese ervaring die Nasionale Party geleer het dat hy nie op sy vorige weg kon voortgaan nie.

ROL

Die NP kongresbesluit tov die oopstelling van die Party se lidmaatskap en die moontlikheid van alliansievorming met organisasies wat dieselfde waardes en doelwitte as die Nasionale Party nastreef; maak dit nou vir die Party moontlik om 'n leidende en beslissende rol te speel tydens die onderhandelings en sodoende sy politieke doelwit meer effektief te bereik, naamlik om 'n belangrike deel te vorm van 'n breet front of beweging wat die meerderheid kan uitmaak in 'n toekomstige politieke bestel.

INSTRUMENT

NP leiers het herhaaldelik reeds die wanopvatting weerlê dat die uitwerking van die oopstelling van die van Party en toekomstige alliansievorming sou beteken dat die NP hom nie langer beskou as verteenwoordiger en instrument van 'n minderheid ten behoeve van wie hy moet onderhandel vir die beskerming van minderhede se regte nie. Intendeel, dit bly steeds die NP se politieke oogmerk om dit wat onaantoonbaar is, te vermy naamlik die oorheersing van 'n minderheid deur enige meerderheid. Daarom moet 'n toekomstige grondwet wigte en teenwigte bevat wat effektiewe magsdeling sonder oorheersing sal verseker.

BESKERMING

Maatreëls wat vir die beskerming van minderhede oorweeg word, is die volgende:

- die aanvaarding van 'n handves van mense-regte (waarby ingesluit sal wees bepaalde gemeenskapwaardes) en wat deur die hof beregbaar sal wees;
- die devolusie of afwenteling van mag na streke en na die derde vlak van regering;
- die verskansing van politieke minderheids-regte deur die voorsiening vir effektiewe deelname aan die besluitnemingproses deur die aanwending van die veto en verhoogde meerderhede;
- die oppergesag van die reg te verseker deur die soewereiniteit van die parlement te vervang met die oppergesag van die reg; en
- weg te beweeg van die oorkonsentrasie van mag in die uitvoerende gesag en 'n moontlike skeiding van die funksies van 'n president en 'n eerste minister, asook die wyse waarop hulle aangewys word.

ONDERHANDELINGSPROSES

Die Nasionale Party glo dat die onderhandelingsproses oop moet wees vir alle politieke organisasies met bewese steun en terwyl die proses aan die gang is, die regering sal voortgaan om die land te regeer; en om die onderhandelingsproses geloofwaardigheid te gee, diskriminasie effektief uit die weg geruim moet word. Juis daarom is die oopstelling van die Nasionale Party so 'n noodsaaklike, belangrike en tydige stap.



**Die Party van
die toekoms –
vir almal.**

Nasionale Party

Vakbondregte eis aandag

deur Jan de Lange

VAKBONDREGTE in die landbou is 'n saak wat dringende aandag verdien as Suid-Afrika wil voorkom dat buitelandse sanksiedrywers dit aangryp as 'n wapen om kwyngende sanksies lewend te hou, of selfs nuwe sanksies in te stel.

Só glo mnr. Eli Louw, Minister van Mannekrag. Min. Louw is die politieke funksionaris van Suid-Afrika se arbeidsbedeling – 'n bedeling wat vandag aansienlik anders lyk as anderhalf dekade gelede danksy die ingrypende arbeidshervorming wat die Nasionale Party in die laat jare sewentig en regdeur die dekade van tagtig deurgevoer het.

Min. Louw het pas 'n mylpaal-ooreenkoms tussen die groot vakbonde, die staat en werkgewers oor die omstrede Wysigingswetsontwerp op Arbeidsverhoudinge bereik.

Dit is duidelik dat die vakbondregte van plaaswerkers een van die volgende turskwyf is wat hy sal moet hanteer.

Dit sal aandag moet kry voordat Suid-Afrika se arbeidstelsel sy plek langs ander in die wêreld kan inneem, het hy in 'n onlangse onderhoud gesê.

Dié regte moet nog uitgebrei word na die werkers in die landbousector en huisbedienendes.

"Die sanksiedrywers in die buiteland raak al meer werkloos en hulle mik nou na die landbou in Suid-Afrika as 'n nuwe skyf."

"Die kwessie van basiese werkersregte in die landbou is nog nie in wetgewing vervat nie.

"Daar is geen ontwikkelde land wat die landbou heeltemal uitsluit van sy arbeidstelsel nie. Basiese regte word daarin toegeken, maar op die regte manier wat aanpas by die bedryf," het min. Louw gesê.

Die Nasionale Mannekragkommissie sal aanstaande jaar aan hom verslag doen hoe die wet op Basiese Diensvoorwaardes en die Werkloosheidsversekeringswet op die landbou van toepassing gemaak kan word, met inagneming van eiensortigheid van die landboubedryf. Die NMK gaan hom ook adviseer of die Wet op Arbeidverhoudinge en die Loonwet op die landbou van toepassing gemaak word, het min. Louw gesê.

Min. Louw beskou die arbeidsterrein, waar swart vakbonde vername spelers is, as die "grondreker" vir onderhandelinge en die bereik van konsensus.

Oor die belangrike arbeidsooreenkoms wat net meer as 'n maand gelede bereik is, sê min. Louw dit was 'n onderhandelde produk, maar 'n belangrike nuwe produk het daaruit voortgespruit, naamlik die wen van mekaar se vertroue. Wat van die kritiek dat swart vakbonde nooit wettige status moes gekry het nie! En dat die rede is vir onstabiliteit op die arbeidsterrein?

"Of 'n mens vakbonde wettig of nie, hulle is daar. Ons het dit ervaar. As hulle gewettig is en jy kan kanale vir hulle skep, is daar strukture vir die proses van onderhandelinge. Dan kan daardie proses voortgaan.

"Ons het in elk geval konflik ondervind, want daar was talle ongeregisteerde vakbonde wat ondergronds optree het. As jy dit onderdruk, lei dit tot aggressie," het min. Louw gesê.

Daar moet dus uitlaatlippe geskep word – wettige strukture gegrond op onderhandelinge – in die soeke na konsensus. Dan kan die konfliktsituasie ontloft word.

Maar daar is voorwaardes in die hantering van arbeidskonflik. Die verskillende partye moet begrip hê vir mekaar se aspirasies en behoeftes. En die rol van die staat moet beperk word.


Goed georganiseerde vakbonde soos in Suid-Afrika is 'n voorvereiste vir arbeidsvrede, maar werkgewers moet ook goed georganiseerd wees.

"Baie van ons werkgewers is bang vir vakbonde omdat hulle nie die wet ken nie. Van ons mense wil nog nie die filosofie van georganiseerde arbeid, vryheid van assosiasie en kollektiewe bedinging aanvaar nie. Ons kom uit 'n kultuur van die heer en die diensbode. Ons het selfs 'n Heer- en Diensbodewet gehad, ek meen dit was 'n wet van 1853, wat 'n werknemer aanspreklike gehou het.

"Ons moet weg beweeg daarvan. Dit is 'n kernverskil wat in die laaste tien jaar plaasgevind het en wat nog verder gaan ontwikkel," sê min. Louw.

Die oogmerk is 'n arbeidstelsel wat internasionaal versoekbaar en verdedigbaar is, want die arbeidsveld "is absoluut verinternasionaliseer".

"Billike vergoeding ja, maar billike vergoeding in 'n groeiende ekonomie met die nodige aandag aan produktiwiteit. Ons moet daardie balans bereik.



Mr. Eli Louw

Vlaag van geweld versuur die voordele van Natal

deur Francois Lötter

NATAL is die enigste provinsie in die land waar die ver-gege Kerswaterwag Party nog geen Parlementêre setel kon inpalm nie en waar die hervormingsgesindes klaarblyklik in die meerderheid is.

Dié voordeel van "the last outpost of the British Empire" word aan die voorraand van die nuwe Suid-Afrika egter versuur deur die vlaag van geweld wat die provinsie nou al geruime tyd teister, sê mnr. George Bartlett, Minister van Vervoer en Openbare Werke en leier van die Nasionale Party in Natal.

Dit is ontstellend dat dié gewedpleging voorkom juis tussen diégene wat 'n belangrike ondersteuningsrol in die onderhandelingsproses en toekomstige nuwe bedeling kan en moet speel.

Mnr. Bartlett meen dit is alle bekommerde, verantwoordelike mense se plig om die oorsake van die geweld vas te stel en die nodige hervorming en verandering te laat plaasvind wat nodig is om orde, stabiliteit en groei te bewerkstellig.

Maar wat moet die Nasionale Party as regerende party doen om die toestand in Natal na normaal te laat terugkeer. Wat moet gedoen word om al die verskillende groepe, wat eerder moet saamstaan as om te baklei, bymekaar te kry in belang van die toekoms van almal in die nuwe Suid-Afrika.

Mnr. Bartlett meen dit is die NP se plig om sonder versuim die politieke arena in Natal, en ook elders in die land, binne te gaan en sy boodskap uit te dra. Dit is ook die media se plig om te sê wat die NP regtig is, maar terselfdertyd in die belang van die demokrasie die boodskap van ander politieke partye en politieke leiers oor te dra.

"Daar is in die afgelope agt maande 'n hele aantal politieke partye gevorm weens die instatielike wat deur die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, geneem is. 'n Mens sien ook die opkoms van aspirant politieke leiers van wie baie politieke mag najaag om 'n groot verskeidenheid redes."

"'n Mens kan nie die feit ignoreer nie dat daar saam met politieke leierskap en politieke mag ook pligte en verantwoordelikhede is. Dit is die landsburgers se reg om te verwag dat politieke leiers en verkose openbare verteenwoordigers meer besorg moet wees oor die kieser se belang as oor sy eie."

Dit is volgens mnr. Bartlett uit die onlangse geweld en talle aksies om die normale lewenstyl in Natal te ontwrig, baie duidelik dat talle nuwelinge tot die politieke arena in Suid-Afrika min respek het vir individue se lewens en eiendom.

Die NP en alle ander bekommerde, verantwoordelike Suid-Afrikaners moet hierdie werklikhede tromp op loop ongeag ras, kleur of geloof.

Die private sektor het ook 'n groot rol om in hierdie verband te speel. Natal het geweldige natuurlike en menslike hulpbronne wat wag om ontwikkel en gemobiliseer te word vir die produksie van werklike ryk-

dom. Die tyd in die geskiedenis is nou bereik waar gevra moet word watter tipe beleggings werklik nodig is om die ekonomiese groei te stimuleer eerder as om die behoeftes van die meer welvarende minderheid van die gemeenskap tevrede te stel.

Mnr. Bartlett meen 'n ander probleem wat in die



Mr. George Bartlett

proses opgelos sal moet word, is reg en orde.

"Die vrylating van politieke gevangenes en die ontperk van politieke partye moes uiteraard gepaard gaan met 'n verslapping in die veiligheidsstelsel van die verlede met die hoop dat die hervorming en vooruitsig op 'n nuwe Suid-Afrika almal sou aanmoedig om die spel volgens die reëls te speel.

"Dit is egter bewys as wensdiker. Sowel die ontverednes as die kriminele elemente het saamsnoer met politieke elemente wat vasbeslote was om die stryd om politieke mag te wen. Selfs al het dit beteken dat die uitbuiting van emosies van die heterogene gemeenskap gelei het tot geweld wat nog nie voorheen in Natal en Suid-Afrika ervaar is nie."

Mnr. Bartlett sê dit is nodig in Natal dat almal, veral ook die media, die ware feite in elke geval moet openbaar. Dit is veral in Natal met sy ingewikkelde bevolkingsamestelling van groot belang



Mr. Kobie Coetsee, Minister van Justisie

Regstelsel steeds op pad van hervorming

deur Francois Lötter

DIE ANC sal in die onderhandelingsproses oor 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika met min regsvoorstelle kan kom wat nie reeds in die huidige Suid-Afrikaanse regstelsel sal wees of beplan word om te wees nie, sê mnr. Kobie Coetsee, Minister van Justisie.

Mnr. Coetsee het in 'n onderhoud oor 'n regstelsel vir die nuwe Suid-Afrika, gesê hy verwag daarom dat die kwessie van 'n regstelsel vir 'n toekomstige Suid-Afrika in die onderhandelingsproses eerder 'n bindingspunt sal wees as wat dit aanleiding sal gee tot geskille.

Hy is vol vertroue dat die kwessie van 'n regstelsel in 'n nuwe Suid-Afrika min probleme om die onderhandelingsstaf sal gee. Hoewel daar kleiner verskillepuntte sal wees, stem die meeste partye reeds saam met die basiese uitgangspunte van die stelsel soos wat hy deur die Nasionale Party hervorm is en nog hervorm sal word.

Hy het gesê as gekyk word na die voorstelle van net een van die partye wat aan die onderhandelingsproses sal deelneem, naamlik die ANC, oor 'n regstelsel dan het hulle oor 'n tydperk van 'n paar jaar etlike aanpassings gedoen.

Die ANC het heel onlangs die sogenaamde "peoples courts", wat geweld

bedryf, veroordeel, maar nogtans die moontlikheid van politieke verkose regspiegters bevestig.

"Ek verwag dat rondom 'n tafel hulle ook hierdie punt sal moet prysgee. Ek sien dus weinig punte verder waarop hulle van ons kan verskil. Hulle sou moontlik ander idees hê oor onder meer juristselsels, maar dit gaan beslis 'n lewendige debat uitlok. Ons kan dit nie akkomodeer nie."

As die ANC voortgaan met sy sentrisme, sal hy probeer om van die regstelsel 'n beheerpunt te maak in die onderhandelingsproses. As die organisasie egter eerlik is teenoor die begrip van regsoewereiniteit sal hy weinig voorstelle na vore kan bring wat die stelsel nie reeds het of beplan om te hê nie.

Mnr. Coetsee het gesê die ANC het soos die Regering ook 'n handves van menseregte voorgestel. Alle ander partye en swart groepe in Suid-Afrika aanvaar egter die basiese uitgangspunte van die Regering oor 'n regstelsel.

Dit sluit in al die selfregerende gebiede sowel as Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei (TBVC-state).

"Ons het tans 'n lewendige en uiters positiewe wisselwerking met alle ander gemeenskappe en groepe van kleur op die terrein van die regspleging."

**MET U MANDAAT 'N JAAR
VAN AKSIE VIR DIE BOU
VAN 'N REGVERDIGE
NUWE SUID-AFRIKA.**

Fw. de la Rive

